Waar nodig geag, word gebruik en impak gekwantifiseer en aan beste praktyke gemeet. Indien toepaslik, word die nakoming van veiligheids-, gesondheids- en omgewingstelsels teen formele standaarde, soos ISO, gemeet en aan onafhanklike oorsig onderwerp. Remgro neem tans aan die openbaarmakingsprojek vir koolstofuitlating (CDP 6) deel.

Tsb Sugar het prestasiedoelwitte gestel om sy omgewingsimpak te beperk, soos byvoorbeeld bagasse, 'n neweproduk van die suikerproduksieproses, wat gebruik word om elektrisiteit op te wek. Ongeveer 60% van Tsb Sugar se elektrisiteitsbehoeftes word opgewek deur middel van bagasse. Surplus elektrisiteit word teruggeplaas in die Eskom nasionale netwerk.

## MIV/VIGS-BELEID

Uit 'n beleggingshouermaatskappy se perspektief bestaan die risiko verbonde aan MIV/vigs uit twee elemente, naamlik:

### Groeprisiko

Gegewe die potensiële uitwerking van MIV/vigs op markte, menslike kapitaal, die koste van indiensneming en die bedryfsprosesse van ondernemings waarin belê is, word hierdie risiko bestuur binne die strukture van die onderskeie maatskappye waarin belê word.

Die vordering van hierdie beleid en strategieë word aan die hand van bestepraktyk-standaarde gemonitor.

### Maatskappyrisiko

Remgro het 'n formele MIV/vigs-beleid en is verbind tot daadwerklike stappe om die pandemie, en die besigheidsrisiko's daaraan verbonde, te bestuur. Die beleid maak onder andere vir die volgende voorsiening:

- Dat alle wetlike verpligtinge met betrekking tot MIV/vigs nagekom word
- Dat daar op geen wyse teen werknemers of potensiële werknemers gediskrimineer word op grond van hul MIV-status nie
- Dat inligting oor die MIV-status van werknemers streng vertroulik gehanteer word
- Dat algemene maatreëls ingestel en bestuur word om toevallige besmetting te voorkom

Remedi Mediese Hulpskema, waaraan die meeste Remgro-personeel behoort, beskik oor 'n bestuursplan vir MIV/vigs waaraan werknemers volgens hul keuse deelneem. Alle personeel van Remgro is in diens van M&I, 'n gespesialiseerde diensmaatskappy.

## WERKNEMERS

Opsomming van die werknemers van bedryfsfiliale

| | **2008** | 2007 |
|---|---|---|
| Rainbow Chicken | **7 653** | 7 223 |
| Wispeco | **1 039** | 963 |
| Tsb Sugar (kontrakwerkers uitgesluit) | **3 010** | 2 533 |
| Ander | **11** | 14 |
| | **11 713** | 10 733 |
| M&I | **172** | 172 |
| | **11 885** | 10 905 |

Die direksies van die onderskeie bedryfsfiliale is verantwoordelik vir hul eie strategie met betrekking tot diensbillikheid, MIV/vigs, opleiding en ander personeelaangeleenthede.